# SIR DE VILLIERS GRAAFF SE LEIERSKAP VAN DIE VERENIGDE PARTY

**S L Barnard**
*Universiteit van die Oranje-Vrystaat*

## 1. Inleiding

Die politieke rekord van sir De Villiers Graaff, leier van die Verenigde Party van November 1956 tot die einde van die party se bestaan in Junie 1977, bevat 'n aantal merkwaardige statistieke: 29 jaar lank het hy in die aktiewe politiek gestaan sonder om ooit in die regeringsbanke te sit; 21 jaar was hy die leier van die amptelike opposisie van die land; vyf algemene verkiesings en een volkstemming het hy as leier van 'n party geveg en almal verloor; die amptelike verteenwoordiging (volksraadslede) van die party het hy van 57 na 31 gesien kwyn; vier skeurings het die party onder sy leierskap beleef en letterlik saam met die party het hy die hawe van vergetelheid ingevaar.

As daar momenteel na bogaande feite gekyk word, kan Graaff se vermoë om politieke leiding[1] te gee bevraagteken word. Dit kom eienaardig voor dat 'n leier wat net terugslae en vernedering ervaar het op leierskap aanspraak kan maak. As dit in ag geneem word dat Graaff letterlik deur sy optrede die einde van die V P veroorsaak het, is dit te begrype waarom die meeste politieke kommentators, politici en die grootste gedeelte van die pers, nie sy leierskap hoog aanslaan nie.

Die bekende politieke kommentator, prof. Willem Kleynhans van Pretoria, beskou Graaff se leierskap as swak en ongeïnspireerd. Volgens hom moes Graaff veel duideliker en met gesag opgetree het ten einde die faktore in sy guns uit te buit en vordering by die stembus te toon. Kleynhans is verder van mening dat Graaff se gebrek aan leierskap die einde van die eens magtige party beteken het.[2]

Joel Mervis, die voormalige redakteur van die *Sunday Times*, was vir baie jare 'n vertroueling van Graaff. Kort na die algemene verkiesing van 1970 het daar, na 'n besoek van Mervis aan Graaff, 'n einde aan hierdie vriendskap gekom.[3] Na die breuk was Mervis die mening toegedaan dat Graaff deur sy eie optrede die V P 'n geleentheid ontneem het om veral ná die algemene verkiesing van 1970 die inisiatief oor te neem. Hy beskuldig Graaff van doellose optredes asook dat hy nie oor die vermoë beskik het om standpunt in te neem of om blitssnel besluite in die Volksraad te neem nie.[4]

Ten spyte van hierdie uitsprake val dit op dat Graaff tog vir 'n tydperk van 21 jaar die leier van die V P gebly het. Dit is tog logies om te aanvaar dat die oorgrote

1. Oor Graaff se vermoë om hom op ander lewensterreine as 'n uitmuntende leier te bewys, kan geen twyfel bestaan nie. Voordat hy hom in die aktiewe politiek begeef het, was hy onder andere 'n praktiserende advokaat, asook 'n soldaat wat die Tweede Wêreldoorlog met groot onderskeiding deurloop het. Verder beheer hy die bekende Graaff-trustfonds met verantwoordelikheid. Ook op landbougebied het Graaff sy besondere vermoëns ten toon gestel deur onder andere een van die bekendste Friesbeestelers in die land te word. *Die Vaderland*, 16.9.1976. Vgl. ook *S L Barnard-versameling*, Bandopname van onderhoud met sir De Villiers Graaff op 13.9.1978.
2. *S L Barnard-versameling*, Bandopname van onderhoud met prof W A Kleynhans op 5.7.1978.
3. Dit was duidelik dat daar 'n wêreld se verskil in die politieke stellings van Graaff en Mervis ontstaan het en dat die twee nie verder oog om oog kon sien nie. S L Barnard, Politieke Oriëntasie in die Suid-Afrikaanse Opposisie sedert 1958 (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, U O V S, 1979), p 274.
4. *S L Barnard-versameling*, Bandopname van onderhoud met J Mervis op 12-7-1978.

meerderheid van die V P-gesindes die leierskap van Graaff moes aanvaar het om hom vir soveel jare met die leisels van die party toe te vertrou het. In 'n demokratiese opset, soos dié van die V P, waar die Uniale kongres moes beslis wie die leier van die party sou wees, het Graaff tot 1977 die volgehoue entoesiastiese steun van die oorgrote meerderheid van sy partyondersteuners geniet. Daar móét dus 'n ander kant van die politieke leierskap van Graaff ook wees — 'n kant wat hom die geliefde DIV gemaak het, 'n kant wat sy mense, ten spyte van die ergste storms, na hom laat opsien het.

Douglas Mitchell, jarelange V P-leier in Natal, het 'n besondere hoë dunk van die leierskap van Graaff. Net nadat Graaff die leierskap van die V P in 1956 oorgeneem het, het hy verklaar: "Div models his political philosophy on General Botha, who is his godfather. In many ways he has the same breadth of understanding of other people's troubles and the wide appreciation of the fact that it takes all sorts of people to make up the world. This same philosophy made Botha such a fine leader of men. I have often thought how closely the statue of General Botha in Durban fits Sir de Villiers — the soldier, the farmer, the statesman. Not only is he a great leader but I believe he is greater than General Smuts would have been in these existing circumstances, mainly I think because he has the priceless gift of patience which every Leader of the Opposition must have."[5]

Uit die voorgaande is dit duidelik dat daar heelwat meningsverskil oor die politieke leierskap van Graaff bestaan. Omdat hy oor 'n tydperk van 21 jaar die toneel van die Blanke opposisie in Suid-Afrika oorheers het, moet 'n kritiese evaluering gedoen word van die verskillende faktore wat sy tydperk van leierskap beïnvloed het.

## 2. Die faktore wat Graaff se leierskap beïnvloed het

Die heel belangrikste faktor in die evaluering van Graaff se leierskap is onteenseglik die feit dat hy die leier van die Verenigde Party was. Gestig in Desember 1934, het die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party (V P) die verhewe doel gehad om die twee belangrikste blanke kultuurgroepe in die land te verenig.[6]

Verenig was die party egter nooit en die kiem van sy ondergang was juis in die stigting self geleë. Oppervlakkig beskou wil dit voorkom asof hierdie samesmelting in 1934 die politieke eenwording van Afrikaans- en Engelssprekendes beteken het. Feit is egter dat hierdie skynvrede nie ver sou kom nie en dat die party reeds probleme met die Naturelletrust- en Grondwet van 1936[7] asook die Neutraliteitsmosie in 1939 ondervind het.[8] Die Tweede Wêreldoorlog het as sterk saambindende faktor gedien en so kon die V P in die algemene verkiesing van 1943 die grootste oorwinning in sy bestaan behaal.[9]

---

5. T Wilks, *The biography of Douglas Mitchell* (Durban, 1980), p 109.
6. M P A Malan, *Die Nasionale Party van S A, 1914—1964, sy stryd en sy prestasies* (Kaapstad, 1964), p 159.
7. Volgens wet nr 18 van 1936 moes 'n trustfonds gestig word waarmee 'n verdere 7,2 miljoen morg grond vir die Swartman van die land aangekoop moes word. Jan Hofmeyr en sy liberale vriende was nie ten gunste van die wetgewing nie. D Joubert, *Die Naturelle-Grondkwessie. Uit die Volksraadsdebatte*, 1936, (Kaapstad, 1973), p 75.
8. Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog is die gekwalifiseerde neutraliteitsmosie van genl J B M Hertzog met 'n meerderheid van 13 stemme (80—67) verslaan en word genl J C Smuts wat 'n voorstander van aktiewe deelname was, vir 'n tweede keer die premier van S A. Hertzog en sy anti-oorlogsgesindes breek uit die V P weg en sodoende begin die eerste krake in die sogenaamde "Verenigde" party duidelik wys. D F Malan, *Afrikaner Volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen* (Kaapstad, 1959), p 176.
9. N M Stultz, *The Nationalists in Opposition 1934—1948* (Kaapstad, 1974), pp 88—89.

Die einde van die oorlog het 'n heel ander politieke klimaat na vore laat tree. Die oorlogspoging, met Smuts aan die voorpunt, het as saambindende faktor verdwyn en die Eerste Minister moes hom op die binnelandse politiek van die land toespits. Die gevolg hiervan was katastrofies vir die V P. Nie alleen het Smuts die algemene verkiesing van 1948 teen alle verwagtinge in verloor nie,[10] maar het al hoe meer V P-ondersteuners ontevrede met die party se beleid begin word. Tot oormaat van ramp het die V P hulle twee mees prominente leiers kort na mekaar verloor. Teen die einde van 1948 het Jan Hofmeyr gesterf. Die tagtigjarige Smuts is in 1950 oorlede en adv. J G N (Koos) Strauss het hom as die leier van die Amptelike Opposisie opgevolg.

Die gevoel teen Strauss binne die V P het vinnig opgelaai en na die uitslag van die algemene verkiesing van 1953 het die Liberale en Union Federal Party uit die geledere van die V P weggebreek. Nadat Bailey Bekker en sy groep ook die V P verlaat het, het Strauss se posisie onhoudbaar geword. Teen die einde van 1956, tydens 'n besoek aan die buiteland, is Strauss deur sir De Villiers Graaff as leier van die party vervang.[11]

Die boedel wat Graaff dus in 1956 geërf het, is een van 'n party wat deur onderlinge twiste en verdeeldheid reeds na links en na regs geskeur het. Verder moes Graaff die beheer oorneem van 'n party wat deur generaals Hertzog en Smuts vir 'n tydperk van 16 jaar (van 1934 tot 1950) gelei was. Dit was op sigself 'n uiters moeilike taak. 'n Ander faktor wat hiermee noue verband het en wat veral 'n bepalende invloed op die leierskap van Graaff sou uitoefen, was die samestelling van die V P. Denis Worrall noem die V P 'n "party of interest".[12] Dit is in skerpe kontras met byvoorbeeld die Nasionale Party wat deur ideologieë of beginsels saamgebind word. Daar moet dus aanvaar word dat die V P bestaan het uit individue wat uit die linkse of regste konteks van die Suid-Afrikaanse politiek afkomstig was. Om hierdie mense met wyd uiteenlopende gedagterigtings en ideologieë binne een party saam te snoer, het dus op die weg van die leier gelê.

Die leier van die party moes dus as saambindende faktor dien en sodoende die plek vul van 'n sentrale ideologie wat die rigting van die party moes aanwys, die opsies aantoon en die leiding moes neem. Om hierdie rede moes die leier altyd 'n vredemaker wees en moes hy ten alle koste sy party bymekaar hou. As hy egter hierdie lewensbelangrike beginsel sou verontagsaam en duidelik leiding gee of kant kies, was die hele basis van die party daarmee heen. Albei groepe, sowel links as regs, moes dus ten ene male binne die partyopset gelukkig gehou word. Ten einde hierdie utopie te verseker, het die Verenigde Party op die beginsel van die totale aanvaarding van die integriteit van die leier berus — hý moes die besluite neem.

Kort nadat Graaff die leierskap van die V P oorgeneem het, het daar twee krisisse, totaal buite sy beheer, voorgekom, wat ongekende eise aan sy leierskapspotensiaal sou stel. Met die aankondiging van dr. H F Verwoerd, die destydse Eerste Minister, in 1959, dat daar onafhanklike tuislande vir die Swart volke in Suid-Afrika geskep sou word,[13] is die V P in 'n bestaanskrisis gedompel. Vir die eerste keer sedert 1934 is die party gedwing om 'n duidelike standpunt oor die kleurbeleid in te neem. Die gevaar van so 'n optrede was geleë in die feit dat daar dan aan die wese van die party getorring word. 'n Duidelik geformuleerde kleurstandpunt met 'n sterk leier wat

---

10. B M Schoeman, *Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika 1910—1976* (Pretoria, 1977), p 300.
11. S L Barnard, "Die verkiesing van Sir De Villiers Graaff as leier van die Verenigde Party" in *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, Jaargang 5, nr 1, Desember 1980, pp 34—48.
12. D Worrall, *South Africa. Government and Politics* (Pretoria, 1975), p 251.
13. *Hansard*, 27.2.1959, Kolomme 63—66.

dit eenvoudig afdwing, was net nie 'n deel van die politieke opset van die V P nie. Al die beskuldigings dat Graaff en die V P nie oor die vermoë beskik het om ná sy oorname van die leierskap met 'n kragtige kleurbeleid vorendag te kom nie, moet aan hierdie faktor getoets word.

Die ander probleem waarmee die V P moes worstel, was die feit dat daar op 31 Mei 1961 een van die belangrikste pilare van die struktuur van die party losgeraak het. Suid-Afrika se formele verbintenis met die Britse Ryk was een van die laaste fondamentstene van die V P. Met Republiekwording in 1961 het ook hierdie baken verdwyn en sou dit vir Graaff steeds moeiliker word om die wyd uiteenlopende gedagterigtings binne sy party tot 'n hegte eenheid te bly saamsnoer.

Daarom was daar na 1961 slegs twee faktore wat in 'n mate daarin kon slaag om die V P nog bymekaar te hou. Die belangrikste hiervan was die besadigde "middle of the road"-beleid van Graaff en die ander was die anti-Nasionale Party-gevoel van die V P. Sir De Villiers Graaff was dus vasgevang in 'n situasie waarin sy magsbasis aan die verdwyn was. Dit was egter geen vreemde gewaarwording in die geskiedenis van die V P nie. Selfs die veelgeroemde en geliefde genl Smuts kon hom nie losmaak van hierdie probleem van die verkleining van die magstruktuur waarbinne die V P moes opereer nie. Die party sou sowel na links as na regs steun verloor. Gerald Shaw van die *Cape Times* se ontleding van hierdie besondere aspek is treffend: "The story of the United Party since 1948 is a footnote. The die was already cast. Whether under Smuts, Strauss or Sir De Villiers Graaff, the United Party went steadily downhill, losing support on both the left and the right flanks."[14]

Denis Worrall het die besondere diversiteit van die politieke gemeenskap en Graaff se hantering van hierdie probleem goed raakgesien. Volgens hom moes Graaff voorsiening maak vir verskille op ekonomiese en sosiale gebied, tussen stedelike en plattelandse kiesers en tussen Afrikaans- en Engelssprekendes. Hy verklaar verder: "Its leadership has to reconcile the interests of workers, businessmen and farmers; and, without the benefit of the National Party's loose federal structure, it must somehow satisfy the regional pecularities of English speakers in Natal, the Border area, the Eastern Cape, the Western Province, and the Witwatersrand, and at the same time ensure the contentment of the bloedsappe. What all this amounts to is that the United Party is a particularly difficult party to lead. It demands a certain kind of consensual leadership which does not often or easily surface. And this sort of leadership Sir De Villiers Graaff provides."[15]

Binne hierdie beperkinge wat sulke byna bomenslike eise aan politieke leierskap gestel het, moes Graaff as leier van die V P optree. Dit is dus te verstane waarom hy so dikwels deur die N P en seksies van die pers as besluitloos, sag en huiwerig in sy optrede uitgemaak is. Om aan sulke inherente wette gehoorsaam te bly, en nogtans politieke leierskap te bly uitoefen, is voorwaar geen geringe prestasie nie.

'n Volgende faktor wat 'n rol gespeel het in die uitoefening van Graaff se leierskap, is sy optrede in die openbaar. Die beskuldiging is dikwels gemaak dat hy te besadig en te dooierig was om enige indruk op die kieserskorps te maak. 'n Vorige staatspresident en eerste minister, adv. B J Vorster, is 'n man wat jare lank op intieme vlak met die Leier van die Opposisie saamgewerk het. Oor Graaff se openbare optrede is hy heel skerp in sy veroordeling: "Hy (Graaff) is goed ontvang toe hy tot die politiek

14. *Cape Times*, 25.6.1977. Shaw moes onder andere die stigting van die Liberale (1953) en die Progressiewe Party (1959) op die linkerflank en die wegbreek van die Bailey Bekker-groep op die regtervleuel in gedagte gehad het.
15. *New Nation*, Mei 1973.

toegetree het ... Maar sy probleem is dat hy met dieselfde emosionele intensiteit oor Newcastle-siekte onder hoenders as oor Republikanisme praat — of oor enige ander ding waaroor hy sterk voel".[16]

Graaff word verder daarvan beskuldig dat hy nooit 'n toespraak uit die vuis in die Volksraad kon lewer nie. In sy optrede is daar dikwels lgevoel dat hy temerig en langdradig was sonder om die feite kort en kernagtig weer te gee. In 'n berig in *Die Vaderland* 'n jaar voordat die V P tot sy einde kom, word die algemene gevoel wat deur sy politieke vyande teenoor hom gekoester is, soos volg vertolk: "Sy onvermoë om sy mense te inspireer, selfs die kere wanneer hy 'n goeie politieke toespraak maak, is veral te wyte aan sy temerige praatwyse en gebrek aan opgewondenheid oor wat hy te sê het."[17] In skerp kontras hiermee is die siening van die koerantman, Hertzog Biermann, in 'n artikel in *Scope*: "It is when the burly sunburnt, relaxed figure on the Opposition Leader's bench is seen from the visitor's gallery in the House of Assembly that the many parts of De Villiers Graaff merge into the whole man. When he rises to join in debate, his bearing and speech reveal a combination of impressive physical and intellectual vitality. He is calm, confident and decisive."[18]

Ten spyte van hierdie mening moet aanvaar word dat sir De Villiers Graaff geen emosionele mens of orator van buitengewone gehalte was nie. Om hierdie rede is al sy toesprake op 'n kil, wetenskaplike, krities-analiserende wyse aangepak en voorgedra. Hy het geglo dat dit in die meeste gevalle beter is om die politiek bo die emosie te verhef. Die Afrikaner is, veral ten opsigte van die politiek, geweldig emosioneel ingestel — dit verklaar hulle afkeur van Graaff se klinies-korrekte wetenskaplik beredeneerde aanslag op die politiek. Daar is egter oorgenoeg bewyse dat 'n persentasie stemgeregtigdes, hoofsaaklik Engelssprekendes, ten gunste van Graaff se optrede in die politiek was. Die bekende Piet van der Bijl is een van die mense wat Graaff se metode van leierskap besonder hoog aanslaan. In 'n skrywe aan die *Financial Mail* aan die begin van die jare sewentig sê hy: "I know no man in public life today who has such outstanding political assets, particularly in courage, stability, soundly-balanced intelligent leadership and steadfastness".[19]

Graaff verskaf self die antwoord op die aantygings dat hy nooit onafhanklik in die Volksraad kon optree of sonder aantekeninge sy toespraak kon lewer nie. Sy siening is dat dit van die uiterste belang is om nooit in 'n slaggat te trap deur teenstrydige verklarings te maak of onbewustelik een van jou partygenote te repudieer nie.[20] Om hierdie rede was sy toesprake, veral in die Volksraad, in die fynste denkbare besonderhede uitgewerk. Op hierdie wyse het hy homself verskans teen die aanvalle van die oorkant van die Raad, asook van die vyandelike pers.

Sir De Villiers Graaff sal nooit in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse politiek bekend staan as een van die beste debatteerders nie. Ten spyte van sy regsagtergrond[21] het hy oor 'n tydperk van soveel jaar in die politiek bitter min daarin geslaag om sy teenstanders in die noute te dryf. Die opskrif in *Oggendblad* van 30 Junie 1977 is 'n

---

16. J D'Oliviera, *Vorster — die Mens* (Johannesburg, 1978), p 228.
17. *Die Vaderland*, 16.9.1976.
18. H Biermann, "Gentleman leader of the United Party", in *Scope*, 19.5.1967. Hertzog Biermann se siening kom 11 jaar nadat Graaff die leierskap van die V P oorgeneem het. Dit is egter tekenend van die siening van dié kiesers wat Graaff se leierskap tot sy politieke einde hoog aangeslaan het.
19. *Financial Mail*, 22.9.1972. Vgl. ook *Harry Lawrence-versameling*, Viljoen aan Lawrence op 19.11.1959.
20. *S L Barnard-versameling*, Bandopname van onderhoud met sir De Villiers Graaff op 14.9.1978.
21. Hy is toegelaat tot die balie in sowel Engeland as Suid-Afrika (Kaapafdeling). Vgl *Verenigde Party-versameling*, United Party "Personalities", Junie 1976.

treffende weerspieëling van hierdie man se statuur in die politiek: "Sir Div — die Jintelman van S A politiek."[22] Daar moet egter op gelet word dat Graaff by geleentheid tot groot hoogtes kon uitstyg. Die beste voorbeeld hiervan is die wyse waarop hy daarin geslaag het om 'n wig tussen die verskillende faksies van die Nasionale Party in te dryf na die veelbesproke "Calvinistiese" toespraak van dr Albert Hertzog in die Volksraad op Maandagmiddag 14 April 1969.[23] Daar was lank reeds 'n gevoel aan die opbou tussen die konserwatiewe en verligte faksies in die regerende party. Graaff se optrede was om die debat in so 'n rigting te stuur dat adv. Vorster gedwing was om Hertzog te repudieer.[24] Hierdeur het die breuk in die geledere van die Nasionale Party 'n voldonge feit geword.

Vir wat Graaff in openbare debatte kortgekom het, het hy deeglik vergoed in sy heel besondere menseverhoudinge. Hy bly 'n sjarmante mens met verbasende charisma. Een voorbeeld wat sy hele lewe en optrede opsom, kom uit 'n inleidingsartikel van die *Natal Witness*: "Wherever Graaff sits is head of the table, however modestly he may comport himself."[25] Juis hierin het die sterk punt van Graaff se politieke leierskap gelê. Hy was ewe tuis by die deftigste dinee in die luuksste hotel as in die armste gehuggie van 'n bywoner êrens op die platteland. Dit is ook die rede waarom sy aanhangers, ten spyte van sovele terugslae en vernederings, vir "Div" tot die einde bly vereer het as hulle man, hulle politieke leier.

Aan die ander kant het hierdie karaktereienskap van Graaff veroorsaak dat hy getalm het in sy optrede en heel dikwels te lank gewag het voordat hy 'n finale besluit geneem het. Dit het die V P onberekenbare skade berokken. Een van die bekendste voorbeelde van Graaff se uitstel tot daadwerklike optrede is die episode van die sogenaamde Jong Turke. Hierdie groepie jong manne[26] onder die leiding van Harry Schwartz wou die V P van binne oorneem en dan in die liberale rigting dwing wat hulle as die enigste oplossing vir die politiek van die land gesien het. Ten einde in hulle doel te slaag het die Jong Turke in 'n fyn beplande politieke "staatsgreep" van Marais Steyn, Graaff se regterhand, as Transvaalse leier van die party ontslae geraak.[27]

Met Harry Schwartz nou aan die hoof van sake, het die Jong Turke die V P al vinniger in 'n liberale rigting probeer dwing. Die gevolg van hierdie optrede was onderlinge twiste, tweedrag en onenigheid binne die geledere van die V P.[28] Die meer konserwatiewe lede (Ou Garde) het met alles in hulle vermoë probeer om die Jong Turke af te kraak en hulle beleidsrigtings aan te val. Aan die ander kant het die Jong Turke openlike uitdagings aan die gesag van Graaff as belangrikste verteenwoordiger van die konserwatiewe element gerig. In hierdie pogings is hulle sterk ondersteun deur

---

22. *Oggendblad*, 30.6.1977.
23. *Hansard*, 14.4.1969, kolomme 3978—3983.
24. *Hansard*, 22.4.1969, kolomme 4614—4638.
25. *Natal Witness*, 30.6.1977.
26. Die Jong Turke was Dave Dalling, Horace van Rensburg, Dick Enthoven en James Ramsay. Dalling en Van Rensburg is steeds Volksraadslede, terwyl Enthoven van 1974 tot 1977 in die Raad gedien het. Ramsay, 'n prokureur, was lid van die Provinsiale Raad in die Transvaal. *S L Barnard-versameling*, Bandopname van onderhoud met die Jong Turke op 12.7.1978.
27. *Ibid.*
28. Hierdie is 'n voorbeeld van die chaos wat letterlik aan die orde van die dag was. Krisisse was daar gereeld waarvan die volgende enkele van die belangrikstes was: V P se deelname aan die werksaamhede van die Schlebusch-kommissie; die Mahlabatini-verklaring van Schwartz en Hoofman Buthelezi van die Zoeloes en die aanwys van V P kandidate vir die algemene verkiesing van 1974. Vgl. S L Barnard, Politieke Oriëntasie in die S A Opposisie sedert 1958 (Ongepubliseerde D Phil proefskrif, U O V S, 1979), pp 329—351, 382—392, 408—419.

die grootste persentasie van die Engelse pers, maar hoofsaaklik Mervis se *Sunday Times*.[29]

'n Enkele voorbeeld van hierdie persoonlike vendetta teen Graaff is die voorbladberig wat die *Sunday Times* op 25 Februarie 1973 gedra het: "13 reasons why Graaff must go."[30] Die sogenaamde powere leierskap van Graaff word hier tot op die been oopgekloof en alle skuld vir die V P se afname in gewildheid word voor Graaff se deur gelê.

Hierdie persoonlike aanvalle op Graaff en optrede deur die Jong Turke het tot in die begin van 1975 voortgeduur. Dick Enthoven, een van die Jong Turke, se skorsing uit die V P, het die vonk verskaf vir Harry Schwartz en sy manne om die Reformisteparty te stig.[31] Die vraag ontstaan waarom Graaff toegelaat het dat die Jong Turke vir 'n tydperk van minstens drie jaar die toneel binne die V P oorheers het. Hierdie onderlinge twiste het nie slegs bygedra om die posisie van die party te verswak nie, maar het ook 'n ernstige bedreiging vir die leierskap van Graaff ingehou.

Daar kan geredeneer word dat die besondere eienskappe van die V P dit vir Graaff onmoontlik gemaak het om op te tree. As dit die belangrikste oorweging is, ontstaan die vraag waarom die Jong Turke dan in elk geval in die begin van 1975 uit die party geskors is? Dit moes tog binne 'n paar maande ná die ontstaan en funksionering van die Jong Turke duidelik gewees het dat die V P en die leierskap van die V P op die spel is. Deur vroegtydig van hierdie mense ontslae te raak, kon Graaff sy aansien as leier van die Party merkbaar verhoog het. Graaff het egter verkies om die rol van vredemaker en katalisator tussen die verskillende faksies te speel, 'n optrede wat sy leierskap tot nadeel gestrek het.

'n Volgende faktor wat 'n invloed op sy politieke leierskap uitgeoefen het, was Graaff se familiegeskiedenis en sy politieke agtergrond. Die jong Graaff, wat op 8 Desember 1913 in Kaapstad gebore is,[32] se familie was in alle opsigte diep in die politiek betrokke. Sy vader, sir David Graaff, was nie slegs 'n persoonlike vriend van genl. Louis Botha, die eerste Minister van Suid-Afrika nie, maar het ook in die eerste kabinet na Uniewording verskeie portefeuljes as minister beklee.[33] So nou was die verbintenis van die Graaffs met Botha dat die ou Generaal (wat terloops sir De Villiers se peetpa was) hom sy eerste perd geskenk het toe hy vyf jaar oud was. Graaff onthou nog goed dat sy naam Bonnie was, en dat hy hom 14 jaar lank gery het.[34]

Ook genl. Jan Smuts was 'n gereelde besoeker aan De Grendel, die Graaffs se familieplaas, enkele minute se ry van Kaapstad af. So nou was die verbintenis dat Smuts spesiaal gegaan het om sir David Graaff se siening te vra oor die uitroep van 'n algemene verkiesing in 1924. Sir De Villiers Graaff roep hom die gebeurtenis nog helder voor die geestesoog: "My vader het hom dit afgeraai en aan genl. Smuts gesê dat hy

---

29. Vgl. hier die berigte in die *Financial Mail*, 23.2.1973; *The Star*, 20.9.1973; *Rand Daily Mail*, 19.2.1973; *Sunday Times*, 18.2.1973.
30. *Sunday Times*, 25.2.1973. Van die belangrikste redes was dat Graaff totaal kontak met die keiserskorps verloor het. Hy is verder ook o a daarvan beskuldig dat hy geen verkiesing kon wen nie, maar polities al swakker gevaar het.
Dick Enthoven is uit die V P geskors nadat sy verbintenis met Pegusus, 'n meningsopname wat in *The Star*, gepubliseer is, bekend geraak het. Hier vergelyk Graaff se leiersposisie maar swak met dié van Harry Schwartz en Colin Eglin: *The Star*, 16.1.1975. Enthoven se skorsing was slegs die teken vir Schwartz en die ander Jong Turke dat hulle nie langer welkom is in die geledere van die V P nie. Hulle het gevolglik weggebreek en die Reformisteparty op 11 Februarie 1975 in Johannesburg gestig. *Die Volksblad*, 11.2.1975.
32. *Die Vaderland*, 28.6.1977.
33. *S L Barnard-versameling*, Bandopname van onderhoud met sir De Villiers Graaff, op 12.9.1978.
34. *Ibid.*

sou verloor en dan sou vind dat hy vir 15 jaar lank nie aan bewind sou wees nie. Smuts het die raad in die wind geslaan, en my vader se voorspellings is bewaarheid."[35]

Genl. J B M Hertzog was self geen onbekende aan die Graaffs van De Grendel nie. So het hy byvoorbeeld in die jare wat hy premier was (1924—1939) daagliks sy melk gekry van twee koeie wat deur die Graaff-familie aan hom geleen is.[36] Sonder enige vrees vir teenspraak kan aanvaar word dat die jong sir De Villiers Graaff in die politiek opgegroei het, dat hy dit daagliks ingedrink het en dat dit 'n bepalende invloed op sy latere politieke lewe uitgeoefen het.

Graaff se puik akademiese, asook militêre agtergrond was 'n volgende rede waarom hy by uitnemendheid geskik was om die rol van opposisieleier so lank te vertolk. Nadat hy 'n B A-graad met onderskeiding aan die Universiteit van Kaapstad verwerf het, het hy ook twee grade aan Oxford behaal. Hierna het hy sy studies in die vroeë Romeins-Hollandse reg aan die Universiteit van Leiden in Holland voortgesit.[37] Terug in sy vaderland het Graaff as advokaat in Kaapstad gepraktiseer.

Graaff het ook aan die Tweede Wêreldoorlog deelgeneem. Nadat hy aanvanklik as manskap aangesluit het, het hy spoedig tot die rang van kaptein gevorder. Hy is drie jaar lank as krygsgevangene aangehou, nadat hy saam met die Tweede Divisie by Tobruk gevangene geneem is.[38]

Die kameraderie wat noodwendig volg op so 'n ondervinding, het veroorsaak dat baie oud-gediendes Graaff beskou het as die man om hulle politieke heil uit te werk. Daarom het 'n aansienlike persentasie van hulle tot die bitter einde standvastig bly staan by hierdie ou oorlogskameraad met wie hulle saam soveel lief en leed deurgemaak het.

As Graaff se agtergrond in ag geneem word, moet aanvaar word dat hy in alle opsigte by uitnemendheid geskik was vir die eise wat die politiek noodwendig aan elke persoon stel. Meer as enige ander Suid-Afrikaanse politikus het juis hy oor die nodige politieke agtergrond en ondervinding beskik om daarvan 'n sukses te maak. Hy was as't ware in die politiek gewortel — 'n faktor wat hom by uitnemendheid geskik gemaak het om die leier van die V P te wees.

Graaff was ook die enigste opposisieleier wat as't ware die skakel tussen die ou en nuwe politieke bedeling was. In die eerste dekades na Uniewording was die verwantskap tot die Britse Ryk die allesoorheersende politieke kwessie in die land. Die verhouding tussen Afrikaner en Engelssprekende het die politieke toneel oorheers. Gedurende Graaff se politieke loopbaan het die prentjie egter omgekeer en het die klem na die verhouding tussen wit en swart verskuif. Sy vermoë om by die radikaal veranderde omstandighede aan te pas en sinvol leiding te bly gee, is 'n verdere bewys van die politieke leierseienskappe van hierdie man.

As Graaff dan oor sulke besondere vermoëns beskik het om politiek te bedryf, ontstaan die vraag waarom die V P in 1977 deur sy toedoen opgehou het om te funksioneer. Dit bring 'n mens by die grootste flater wat Graaff in sy politieke loopbaan begaan het, nl. sy nou reeds veelbesproke "Red Suid-Afrika-veldtog".

Ten einde te verstaan waarom Graaff hierdie veldtog teen die middel van 1976 van stapel laat loop het, moet die posisie van die V P eers in die regte perspektief gestel

35. *Volkstem*, Januarie 1974.
36. *Oggendblad*, 30.6.1977.
37. *S L Barnard-versameling*, Bandopname van onderhoud met sir De Villiers Graaff op 12.9.1978. Dit is verder interessant om daarop te let dat twee Eerste Ministers van S A, te wete genl J B M Hertzog en dr H F Verwoerd ook aan dié bekende inrigting in Nederland gestudeer het.
38. *Verenigde Party-versameling*, United Party "Personalities", Junie 1976.

word. Sedert die algemene verkiesing van 1974 het die V P sy houvas op die kiesers-korps in toenemende mate verloor. Die swak vertoning van die V P in tussenverkiesings in Bryanston en Durban-Noord, het duidelik getoon dat die skrif aan die muur was.[39] Om alles te kroon het interne wrywing tussen lede van die party voorgekom. Dit moes vir almal in die party, en veral vir Graaff, duidelik geword het dat iets radikaals gedoen moes word om 'n herlewing in die blanke Suid-Afrikaanse opposisiepolitiek teweeg te bring.

Die onluste in Soweto teen die middel van 1976, het aan Graaff die geleentheid gebied om sy planne vir die daarstelling van 'n nuwe, breë blanke Opposisieparty vir die land op die Kaaplandse kongres van die party in Oos-Londen aan te kondig. In sowel sy openings- as afsluitingstoespraak op 17 en 19 Augustus 1976, het Graaff 'n nuwe benadering tot die opposisiepolitiek bepleit.[40]

Nadat hy sekere voorwaardes aan die kongres voorgehou het, het hy verduidelik dat die V P kon verdwyn, indien dit plek moes maak vir 'n nuwe breë alternatiewe regering. In 'n latere toespraak het Graaff sy inisiatief en die gedagte daaragter soos volg opgesom: "What we desperately need is a new party which will be a real alternative government because it can attract the support, not only of the overwhelming majority of those who vote against the Government today but also of many tens of thousands of others who supported the government in the past and have today been forced to the realisation that the government has no answer to our problems. The object must be to open the door to new people, new influences, new ideas and to dispel the fears of those who feel they will be swamped by ideologies foreign or unattractive to them."[41]

Graaff se inisiatief is met ongekende geesdrif ontvang. Van oral het gelukwensinge ingestroom; al die V P politici was aanvanklik oortuig dat Graaff uiteindelik op die regte pad was en dat die fondament stewig gelê was om die Nasionale Party uit die kussings te lig.

Ten einde uitvoering te gee aan sy veldtog om Suid-Afrika "te red", het Graaff 'n werkskomitee met oud-regter Kowie Marais as voorsitter die opdrag gegee om die moontlikheid van samewerking tussen die verskillende blanke opposisiepartye in die land te ondersoek.[42] Die drie partye wat by die aangeleentheid betrek was, was die V P, die Demokratiese Party met Theo Gerdener as leier en die Progressiewe Reformisteparty met Colin Eglin as leier. Na 'n paar maande het die komitee hulle verslag in die vorm van 'n memorandum van 14 punte uitgebring en aan die leiers van die drie partye voorgelê.[43]

Vir die V P was die vet behoorlik in die vuur, want binne dae hierna het Myburgh Streicher en sy ander konserwatiewe vriende uit die V P weggebreek.[44] Met die res van die V P het dit ook nie te voorspoedig gegaan nie. Na twee vrugtelose pogings om met die P R P tot 'n vergelyk te kom, het die V P uiteindelik op 28 Junie 1977

39. Vgl. *Verenigde Party-versameling*, Sir De Villiers Graaff, Central Congres Speech, Bloemfontein 13.112.1975; *Sir De Villiers Graaff-versameling*, Teleksboodskap aan R Cadman, s.j.
40. *Verenigde Party-versameling*, Sir De Villiers Graaff, United Party Congress, East London, 17—19 Augustus 1976.
41. *Sir De Villiers Graaff-versameling*, Afskrif van toespraak voor Cape Town Press Club, 8.11.1976.
42. *Ibid.*, Statement by dr Frans Cronje, 5.10.1976.
43. *D J Kriek-versameling*, D J Kriek — herinneringe aan die Kowie Marais kommissie (sic) (s.j.).
44. Die ses Volksraadslede wat weggebreek het, was Myburgh Streicher, John Wiley, Tony Hickman, Bill Deacon, Theo Aronson en Boet van den Heever. Hulle het hulself aanvanklik as die onafhanklike V P-groep georganiseer met Streicher as leier en Hickman as hoofsweep. Na 'n eerste kongres in Maartmaand is die Suid-Afrikaanse Party op 27—28 Mei 1977 in die Palms Hotel in Pretoria gestig. Myburgh Streicher is as die eerste leier van die nuutgestigte party aangewys. *S L Barnard-versameling*, Bill Deacon, Basic Notes, Historic report back, 1977.

opgehou om te funksioneer. By hierdie geleentheid het ook Graaff finaal uit die aktiewe politiek getree.[45] In die plek van die V P het die Nuwe Republiek Party ontstaan wat bloot 'n samesmelting tussen die oorblywende lede van die V P en die Demokratiese Party van Gerdener was. Op hierdie wyse het die eens magtige V P plek gemaak vir 'n nuwe politieke bedeling, maar Graaff was na 21 jaar nie langer daar om die posisie van opposisieleier te beklee nie.

Dit behoef geen verdere betoog nie dat Graaff misluk het in dít wat sy oorspronklike doel met die "Red S A-veldtog" was. Hy het nie daarin geslaag om 'n breër blanke opposisieparty tot stand te bring nie. Wat hy wel bereik het, was 'n ooreenkoms met Theo Gerdener, leier van die onindrukwekkende Demokratiese Party wat oor geen geld, organisasie of werklike steun beskik het nie. Wat Graaff verloor het, was veel erger. Hy het nie slegs vir Streicher en sy groep aan die regtervleuel opgeoffer nie, maar moes ook toesien dat manne soos Japie Basson en Derrick de Villiers hulle toevlug tot die P R P van Eglin neem.

Verder het Graaff die gevestigde Partybelange, die naam, die organisasie, alles opgeoffer om Gerdener vir 'n politieke bedmaat te kry. Retrospektief gesien, is dit duidelik dat Graaff 'n grootse poging aangewend het om op die bitter einde die ou V P van totale ondergang te red. Die geskiedenis bewys egter dat hierdie berekende poging in elke opsig gefaal het, en dat die V P en Graaff, sy leier, die lydende partye was.

Dit bly tog 'n hartseer saak dat die man wat letterlik sy hele lewe in diens van die Suid-Afrikaanse politiek, en dan meer spesifiek die V P, gestel het, op hierdie wyse die politieke arena moes verlaat. Getrou aan sy aard van volharding en getrouheid, het hierdie stuurman sy skip tot op die laaste uitvaart vergesel.

## 3. Evaluering

Met die "Red Suid-Afrika-veldtog" in gedagte, sou dit maklik kon wees om saam met prof. Willem Kleynhans te stem en sir De Villiers Graaff se politieke leierskap tot niks af te kraak. Hy bestempel die veldtog "as die mees polities onverantwoordelike daad wat ooit deur 'n leier van 'n politieke party in die land onderneem is."[46]

As die besondere omstandighede in die V P in aanmerking geneem word, sou dit aan die ander kant net so maklik wees om Graaff as 'n ideale politieke leier te beskryf. Omdat leierskap van hierdie aard so kompleks is, is die evaluering dus geen eenvoudige taak nie.

As alle faktore egter in ag geneem word, wil dit voorkom asof sir De Villiers Graaff se leierskap van die V P deur die meeste politici en die grootste gedeelte van die pers te gering geskat word. Dit word te maklik afgekraak met die jargon, te sag, te toegeeflik, "jintelmanleier". Die besondere eise van sy party het hom juis so laat optree, terwyl sy genoemde karaktereienskappe daarvoor verantwoordelik was dat hy 21 jaar lank die sjarmante en geliefde leier kon bly.

Enkele uitsprake is tekenend van Graaff as politieke leier. Louis Louw, politieke korrespondent van *Die Burger* sê van hom: "Vir sulke onuitputlike uithouvermoë haal ek my hoed af".[47] Toe die interne wrywing in die V P op sy hewigste was het *To the*

45. Selfs in hierdie laat stadium is die V P 'n volgende vernedering nie gespaar nie toe een Senator, L Poorter, en vyf Volksraadslede, met Japie Basson as leier, aangevoer het dat hulle nie ten gunste van ontbinding van die V P was nie. Ook aan sy finale einde was die V P nie sonder sy onenighede en twiste nie. *Die Volksblad*, 29.6.1977.
46. *S L Barnard-versameling*, Bandopname van onderhoud met prof W Kleynhans op 5.7.1978.
47. *Die Volksblad*, 23.6.1977.

*Point* geskryf: "Sir De Villiers Graaff is the only force holding the party together."[48]

In 'n inleidingsartikel in die *Natal Witness* in Junie 1977 kom 'n treffende opsomming van die politieke leierskap van sir De Villiers Graaff voor: "In the past 30 years no M P has inspired so much warmth of affection among both friends and opponents — he has no foes — as Sir De Villiers Graaff. Except for an occasional flash of cutting repartee — a trait which his tact and native kindliness made him keep in check — he is always genial, unflappable, courteous and approachable. Also, he is by nature a leader. For a generation Sir De Villiers has seen it as his task to hold this unstable mass together, in the frustrations of opposition and frequent desertions by even key lieutenants. In the view of many of us he should have allowed polarisation to take place long ago; those of his group who fundamentally support Nationalism and those who believe its policies to be disastrous should long since have parted company. But rightly or wrongly, Sir Div saw it as his task to try to hold the Party together. He can now retire with the satisfaction that he has done this probably as well as any man, even Smuts, could have done."[49]

---

48. *To the Point*, 15.2.1974.
49. *Natal Witness*, 30.6.1977.